# KOERSVAS

Jaargang 13 Uitgawe 246
15 Januarie 2026

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto


**In hierdie uitgawe:**


**Redaksioneel:** **Kersfees - Kaf en Koring**
**Berigte:** **Predikante beraad**
**GHG Bestuursvergadering**
**Lewensbrood 2026**
**Bloemhof storm 2025 uit**
**Kennisgewings**


## REDAKSIONEEL

### Uil-verrassing

Nou die aand volg ek die gewone laat-aand roetine. Die honde loop na die agter-tuin, begelei om hulle laaste draai te loop. In die meeste gevalle is dit voldoende en hoef ons nie deur die nag alarms te de-aktiveer en hekke oop te sluit om die braknode te help verlig. Immers moet alles na só situasie weer gesluit en ge-aktiveer word, net sodat ons in eie omgewing "veilig" kan slaap.

Volgens gewoonte, gaan ek as geleide saam en kyk net na alles daar buite. My oog vang iets – ek dink dit was 'n satelliet, ek neem een tree verder in die tuin in. Ek hoor 'n geruis, voel 'n skielike briesie en sien uit die hoek van my oog 'n massiewe grys gedaante en volg dit totdat ons Weimaraner tjank omdat die gevlekte ooruil haar getref het, kloue eerste. Die merke sal sy self-bejammerend vir jou kan wys. Ek is verstom, hoe kan 'n uil so dom wees? Toegegee, dit is die tweede grootste uil in Suid-Afrika (in Engels die *spotted Eagle Owl*), maar selfs dan is 'n Weimaraner te groot om prooi te wees. Dit is eers by nadenke dat die stukke van die legkaart in plek val. Die teiken van die uil was my klein Worshondjie gewees. Sy is aand-ete grootte vir so 'n uil wat kleintjies in die nes het (twee van hulle)! My beweging om iets beter te sien, het gemaak dat ek in die vlugbaan van die duikende uil beweeg het. Die uil moes swenk en haal toe frustrasie uit op die arme Weimaraner. By terugskoue het die insident net soveel meer sin gemaak. Ons in lankal reeds bewus van die uile in die agtertuin, gereeld gehoor, soms vlugtig gesien. Ek weet van vele klein hondjies wat groeiende uiltjie se aandete geword het. Net nie gedink dit gaan met ons gebeur nie.

Is dit nie maar wat ons almal dink nie? Dit sal nie met my gebeur nie. Jy het nie 'n probleem totdat jy 'n probleem het nie. Die tekens is telkens daar; ons moet net die kolletjies verbind, maar ons doen dit bitter min. En dan is geskok wanneer die logiese ons oorval...

Gelowiges lewe in spesiale verhouding met die geskiedenis. By ons doop is ons in die dood en opstanding van die Here Jesus Christus ingelyf. Ons lees in Romeine 8 (*ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet*) en in die doopformulier dat God alle kwaad van ons weerhou of dit ons ten goede laat meewerk.

Dit het twee implikasies:

Die eerste is dat baie meer rampe ons nie tref nie, as dit waarvan ons bewus is. Somtyds sien ons by terugskoue dat die draai na regs gemaak het dat ons nie in die vloedstroom beland het nie, by wyse van spreke. Einstein het gesê dat toeval God se

manier is om *incognito* op te tree. Dit beteken nie dat alles wat ons as toevallig sien, God se ingrepe is nie; die geloof-oog sien dit raak. Baie van die kwaad wat ons kon tref, en ons nie getref het nie, weet ons nie eens van nie.

Die tweede implikasie van die doopformulier se troos is dat die rampe wat ons wel tref, in die lange duur tot ons groei en voordeel sal strek. Ons sien dit nie in die oomblik raak nie. Dit neem soms jare om die positiewe in iets raak te sien.

Ons moet die troos ernstig opneem en aktief na die goeie gaan soek. Indien ons aanvaar dat God ons alles ten goede laat meewerk, moet ons dit aktief in ons perspektief op die lewe toepas.

Die jaar 2026 lê oop en duister voor ons. God is ons lig vir elke tree wat ons in hierdie duisternis neem. Ons kan onsself nie werklik voorberei op alles wat gaan gebeur nie. Ons kan wel kies om op die Here te vertrou en elke dag se rampe positief te verwerk of te soek vir die positiewe, totdat ons dit raaksien, al is dit eers heelwat later.

Johan Otto





# BERIGTE

## Predikante beraad

Die jaarlikse Predikante beraad vind in die eerste kwartaal van hierdie jaar plaas. Die Bondsvergadering het reeds die tema bepaal. Die datum en plek vir hierdie beraad sal eersdaags aan gemeentes gekommunikeer word. Gemeentes en kerkrade word daaraan herinner dat die GHG hierdie beraad as verpligtend sien. U word versoek om u predikant te ondersteun in pogings om die beraad by te woon.

## GHG Bestuursvergadering

Die eerste vergadering van die GHG se dagbestuur vind plaas op 6 Februarie 2026. Lidmate, ampsdraers en gemeentes wat sake onder die bestuur se aandag wil bring, word versoek om voor einde Januarie 2026 met die skriba ds. Frans Marais in verbinding te tree.

## Lewensbrood 2026

Die Lewensbrood is gedruk, gebind en reeds versend na alle gemeentes en individue. Ons dank aan die span by Teamwork printers. Indien u enige navrae het oor ekstra kopieë kan u direk met die drukker kontak maak.


## Bloemhof storm 2025 uit.


Daar waai ons dak. En dit op ‘n Dinsdagmiddag. Laatmiddag op die voorlaaste dag van 2025 steek ‘n woeste storm op wat ‘n spoor van verwoesting agter hom laat, sou ons natuurlik eers later agterkom. Boomtakke lê afgeskeur in elke tuin en bo-oor heinings. By die skool is ‘n paar sommer wortel en al uit die grond getrek. Gebreekte vensters by ‘n paar winkels en ‘n paar plate weg by ‘n Indiër se winkel. Die groot skade in die storm is egter ons s’n. So dertig persent van die dak bo


by die nok is in een stuk afgeruk. Dié val toe eers op die noordelike gedeelte van die dak en nadat hy sy skade daar gemaak het, waai hy geheel tot op die palisadeheining. Die 27mm reën help natuurlik om die plafon in die kerk heeltemal te verwoes. Oujaarsdag span ons seile om die skade te probeer beperk. Suid Afrika is mos al van 16 Desember af op vakansie! So is ons die nuwe jaar 2026 in met die wete dat ons skade maar eers so van die tweede week van die nuwe jaar aangespreek sal word. Genadig het ons darem die ou saaltjie waar ons nou Sondae bymekaarkom vir erediens. Loof die Here!

Ds. Piet Viljoen; Bloemhof









**KENNISGEWINGS**

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com